THE PROVINCE OF GAUTENG

DIE PROVINSIE GAUTENG

# Provincial Gazette Extraordinary
# Buitengewone Provinsiale Koerant

Vol. 19 PRETORIA, 14 AUGUST AUGUSTUS 2013 No. 235

We all have the power to prevent AIDS




Prevention is the cure

AIDS
HELPLINE
0800 012 322
DEPARTMENT OF HEALTH

N.B. The Government Printing Works will not be held responsible for the quality of "Hard Copies" or "Electronic Files" submitted for publication purposes

13235
9771682452005

303663—A

**IMPORTANT NOTICE**

**The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.**

**Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.**

## CONTENTS • INHOUD


| *No.* | | *Page No.* | *Gazette No.* |
|---|---|---|---|
| | **LOCAL AUTHORITY NOTICES** | | |
| 1113 | Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Johannesburg Metropolitan Municipality: Alveda Extension 4 | 3 | 235 |
| 1114 | do.: do.: Amendment Scheme 01-9690 | 10 | 235 |

# LOCAL AUTHORITY NOTICES

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 1113

DECLARATION AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the City of Johannesburg Metropolitan Municipality declares **Alveda Extension 4** to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

**SCHEDULE**

**STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY COSMOPOLITAN PROJECTS JOHANNESBURG (PTY) LTD (REGISTRATION NUMBER 2005/013577/07) (HEREINAFTER REFERRED TO AS THE TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF CHAPTER III OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 199 (A PORTION OF PORTION 112) OF THE FARM OLIFANTSVLEI 327 IQ, HAS BEEN APPROVED.**

**1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT**

(1) NAME
The name of the township is **Alveda Extension 4.**

(2) DESIGN
The township consists of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No.1585/2010.

(3) PROVISION AND INSTALLATION OF ENGINEERING SERVICES
The township owner shall make the necessary arrangements with the local authority for the provision and installation of all engineering services of which the local authority is the supplier, as well as the construction of roads and stormwater drainage in and for the township, to the satisfaction of the local authority.

(4) GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT (DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND RURAL DEVELOPMENT)
Should the development of the township not been commenced with before 12 September 2015 the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department of Agriculture and Rural Development for exemption/authorisation in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998), as amended.

(5) GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT (DEPARTMENT OF ROADS AND WORKS)
(a) Should the development of the township not been completed before 15 February 2020 the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department of Roads and Transport for reconsideration.

(b) If however, before the expiry date mentioned in (a) above, circumstances change in such a manner that roads and/or PWV routes under the control of the said Department are affected by the proposed layout of the township, the township owner shall resubmit the application for the purpose of fulfillment of the requirements of the controlling authority in terms of the provisions of Section 48 of the Gauteng Transport Infrastructure Act, 2001 (Act 8 of 2001).

(c) The township owner shall, before or during development of the township, erect a physical barrier which is in compliance with the requirements of the said Department along the lines of no access as indicated on the approved layout plan of the township, No. 01/9690/A4.The erection of such physical barrier and the maintenance thereof, shall be done to the satisfaction of the said Department.

(d) The township owner shall comply with the conditions of the Department as set out in the Department's letter dated 16 February 2010.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(6) NATIONAL GOVERNMENT (DEPARTMENT: MINERAL RESOURCES)

Should the development of the township not been completed before 26 August 2015 the application to establish the township, shall be resubmitted to the Department : Mineral Resources for reconsideration.

(7) ACCESS

(a) Access to or egress from the township shall be provided to the satisfaction of the local authority and/or Johannesburg Roads Agency (Pty) Ltd and/or the Department of Roads and Transport.

(b) No access to or egress from the township shall be permitted via Road P69-1 (K130) along the lines of no access as indicated on the approved layout plan of the township No. 01/9690/A4.

(8) ACCEPTANCE AND DISPOSAL OF STORMWATER DRAINAGE

The township owner shall arrange for the stormwater drainage of the township to fit in with that of the adjacent roads and all stormwater running off or being diverted from the roads shall be received and disposed of.

(9) REFUSE REMOVAL

The township owner shall provide sufficient refuse collection points in the township and shall make arrangements to the satisfaction of the local authority for the removal of all refuse.

(10) REMOVAL OR REPLACEMENT OF EXISTING SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should be necessary to remove or replace any existing municipal, TELKOM and/or ESKOM services, the cost of such removal or replacement shall be borne by the township owner.

(11) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own costs cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when requested thereto by the local authority.

(12) ENDOWMENT

The township owner shall, in terms of the provisions of Section 98(2) and Regulation 44 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) pay a lump sum as endowment to the local authority for the provision of land for a park (public open space).

(13) OBLIGATIONS WITH REGARD TO ENGINEERING SERVICES AND RESTRICTION REGARDING THE ALIENATION, TRANSFER, CONSOLIDATION AND/OR NOTARIAL TIE OF ERVEN

(a) The township owner shall, at its own costs and to the satisfaction of the local authority, design, provide and construct all engineering services including the internal roads and the stormwater reticulation, within the boundaries of the township. Erven and/or units in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that these engineering services had been provided and installed; and

(b) The township owner shall, within such period as the local authority may determine, fulfil its obligations in respect of the provision of electricity, water and sanitary services as well as the construction of roads and stormwater drainage and the installation of systems therefor, as previously agreed upon between the township owner and the local authority. Erven and/or units in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that sufficient guarantees/cash contributions in respect of the supply of engineering services by the township owner, have been submitted or paid to the said local authority; and

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

(c) Notwithstanding the provisions of clause 3.A. (1) hereunder, the township owner shall, at its own costs and to the satisfaction of the local authority, survey and register all servitudes required to protect the engineering services provided, constructed and/or installed as contemplated in (a) or (b), above. Erven and/or units in the township, may not be alienated or transferred into the name of a purchaser neither shall a Certificate of Registered Title be registered in the name of the township owner, prior to the local authority certifying to the Registrar of Deeds that these engineering services had been or will be protected to the satisfaction of the local authority.

## 2. DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any.

**A. Excluding the following which do not affect the township**

*(a) The servitude of right of way registered in favour of the General Public in terms of Notarial Deed of Servitude No. 547/1944S as more fully set out in* Condition A. *of Deed of Transfer T16708/2013.*

*(b) The servitude of right of way registered vide diagram S.G. No. A2082/42 and the entitlement indicated on diagram S.G. No. A560/43 as more fully set in* Condition B. *of Deed of Transfer T16708/2013.*

## 3. CONDITIONS OF TITLE

**A. Conditions of Title imposed in favour of the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).**

(1) ALL ERVEN

(a) Each erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(2) ERVEN 842 TO 940

The erven shall not be alienated or transferred without the written consent of the local authority first having been obtained and the local authority shall have an absolute discretion to withhold such consent, unless the transferee accepts the following condition: The local authority had limited the electricity supply to the erven to 5 KVA each and should the registered owner of any of the erven exceed the supply or should an application to exceed such supply be submitted to the local authority, additional electrical contributions as determined by the local authority, shall become due and payable by such owner/s to the local authority.

(3) ERF 941

The erf shall not be alienated or transfer without written consent of the local authority first having been obtained and the local authority shall have an absolute discretion to withhold such consent, unless the transferee accepts the following condition: The local authority had limited the electricity supply to the erf to 380 KVA each and should the registered owner of the erf exceed the supply or should an application to exceed electricity contributions as determined by the local authority, shall become due and payable by such owner by such owner to the local authority.

(4) ERF 866

The erf is subject to a 4m wide stormwater servitude in favour of the local authority, as indicated on the General Plan.

**B. Conditions of Title imposed by the Department: Mineral Resources in terms of Section 68 (1) of the Mineral Act, 1991 (Act 50 of 1991) as amended:**

(1) ALL ERVEN
(a) As each erf forms part of an area which, as a result of the stone quarry in the vicinity, may be subject to noise, dust, tremors and blasting shock waves and fumes, the owner thereof accepts that inconvenience may be experience.

(b) As each erf lies in an area where soil conditions can cause serious damage to buildings and structures, foundations and other structural elements of buildings and structures must be designed by a competent professional engineer, unless it can be proved to the local authority that such measures are unnecessary or that the same purpose can be achieved by other more effective means.

**C. Conditions of Title imposed by the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government) in terms of the Gauteng Transport Infrastructure Act, 2001 (Act 8 of 2001), as amended.**

(1) ERVEN 866 AND 867
(a) The registered owner of each erf shall maintain, to the satisfaction of the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government), the physical barrier erected along the erf boundary abutting Road P69-1 (K130).

(b) Except for the physical barrier referred to in clause (a) above, a swimming bath or any essential stormwater drainage structure, no building, structure or other thing which is attached to the land, even though it does not form part of that land, shall be erected neither shall anything be constructed or laid under or below the surface of the erf within a distance less that 16m from the boundary of the erven abutting Road P69-1 (K130) neither shall any alteration or addition to any existing structure or building situated within such distance of the said boundary be made, except with the written consent of the Department of Roads and Transport (Gauteng Provincial Government).

**Lance Matthew Julius**
**Acting Deputy Director: Legal Administration**
**City of Johannesburg Metropolitan Municipality**
Notice No. 515/2013
21 August 2013.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1113

**PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING**
VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit hiermee die dorp **Alveda Uitbreiding 4** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die meegaande Bylae.

BYLAE

**VERKLARING VAN DIE VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR COSMOPOLITAN PROJECTS JOHANNESBURG (EDMS) BPK (REGISTRASIENOMMER 2005/013577/07) (HIERNA DIE DORPSEIENAAR GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN HOOFSTUK III VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 199 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 112) VAN DIE PLAAS OLIFANTSVLEI 327 IQ, GOEDGEKEUR IS.**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

## 1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM
Die naam van die dorp is **Alveda Uitbreiding 4**.

(2) ONTWERP
Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan LG Nr 1585/2010.

(3) VOORSIENING EN INSTALLERING VAN INGENIEURSDIENSTE
Die dorpseienaar moet die nodige reëlings met die plaaslike bestuur tref vir die voorsiening en installering van alle ingenieursdienste waarvan die plaaslike bestuur die verskaffer is, asook die konstruksie van strate en stormwaterdreinering in en vir die dorp, tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur.

(4) GAUTENG PROVINSIALE REGERING ( DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN LANDELIKE ONTWIKKELING)
Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 12 September 2015 in aanvang neem, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling vir vrystelling/magtiging ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet 107 van 1998), soos gewysig.

(5) GAUTENG PROVINSIALE REGERING (DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER)
(a) Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 15 Februarie 2020 voltooi word nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement van Paaie en Vervoer vir heroorweging.

(b) Indien omstandighede egter, voor die vervaldatum vermeld in (a) hierbo, tot so 'n mate verander dat paaie en/of PWV roetes onder die beheer van die betrokke Departement deur die beoogde uitleg van die dorp geraak word, moet die dorpseienaar die aansoek herindien vir doeleindes van die nakoming van die vereistes van die beherende liggaam in gevolge die bepalings van Artikel 48 van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001).

(c) Die dorpseienaar moet voor of tydens ontwikkeling van die dorp, 'n fisiese versperring wat in ooreenstemming is met die vereistes van die gemelde Departement, langs die lyne van geen toegang soos aangedui op die goedgekeurde uitlegplan van die dorp, Nr 01/9690/A4, oprig. Die oprigting van sodanige versperring en die instandhouding daarvan, moet tot tevredenheid van die gemelde Departement gedoen word.

(d) Die dorpseienaar moet aan die vereistes van die Departement soos uiteengesit in die Departement se skrywe gedateer 16 Februarie 2010, voldoen.

(6) NASIONALE REGERING (DEPARTEMENT: MINERALE HULPBRONNE)
Indien die ontwikkeling van die dorp nie voor 26 August 2015 voltooi word nie, moet die aansoek om die dorp te stig, heringedien word by die Departement: Minerale Hulpbronne vir heroorweging.

(7) TOEGANG
(a) Toegang tot of uitgang vanuit die dorp moet voorsien word tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur en/of Johannesburg Roads Agentskap (Edms) Bpk en/of die Departement van Paaie en Vervoer.

(b) Geen toegang tot of uitgang vanuit die dorp, sal toegelaat word via Pad P69-1 (K130) die lyne van geen toegang, soos aangedui op die goedgekeurde uitlegplan van die dorp Nr 01/9690/A4.

(8) ONTVANGS EN VERSORGING VAN STORMWATERDREINERING
Die dorpseienaar moet reël dat die stormwaterdreinering van die dorp inpas by diè van die aangrensende paaie en dat alle stormwater wat van die paaie afloop of afgelei word, ontvang en versorg word.

(9) VULLISVERWYDERING
Die dorpseienaar moet voldoende vullisversamelingspunte in die dorp voorsien en moet reëlings tot tevredenheid van die plaaslike bestuur tref vir die verwydering van alle vullis.

(10) VERWYDERING OF VERVANGING VAN BESTAANDE DIENSTE
Indien dit, as gevolg van die stigting van die dorp, nodig is om enige bestaande munisipale, TELKOM en/of ESKOM dienste te verwyder of te vervang, moet die koste van sodanige verwydering of vervanging deur die dorpseienaar gedra word.

(11) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE
Die dorpseienaar moet op sy eie koste, alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur, wanneer daartoe versoek deur die plaaslike bestuur.

(12) BEGIFTIGING
Die dorpseienaar moet ingevolge die bepalings van Artikel 98(2) saamgelees met Regulasie 44 van die Dorpsbeplanning en Dorpe Ordonnansie, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) 'n globale bedrag as begiftiging aan die plaaslike bestuur betaal die voorsiening van grond vir 'n park (openbare oop ruimte).

(13) VERPLIGTINGE TEN OPSIGTE VAN INGENIEURSDIENSTE EN BEPERKING BETREFFENDE DIE VERVREEMDING, OORDRAG, KONSOLIDASIE EN/OF NOTARIËLE VERBINDING VAN ERWE
(a) Die dorpseienaar moet op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle ingenieursdienste binne die grense van die dorp, ontwerp, voorsien en konstruktureer, insluitend alle interne paaie en die stormwaterretikulasie. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste voorsien en geïnstalleer is; en

(b) Die dorpseienaar moet, binne sodanige tydperk as wat die plaaslike bestuur mag bepaal, sy verpligtinge met betrekking tot die voorsiening van elektrisiteit, water en sanitêre ingenieursdienste asook die konstruksie van paaie en stormwaterdreinering en die installering van die stelsels daarvoor, soos vooraf ooreengekom tussen die dorpseienaar en die plaaslike bestuur, nakom. Erwe en/of eenhede in die dorp mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat voldoende waarborge/kontantbydraes ten opsigte van die voorsiening van die ingenieursdienste deur die dorpseienaar, aan die plaaslike bestuur gelewer of betaal is; en

(c) Nieteenstaande die bepalings van klousule 3.A. (1) hieronder, moet die dorpseienaar op sy eie koste en tot tevredenheid van die plaaslike bestuur, alle serwitute opmeet en registreer om die ingenieursdienste wat voorsien, gebou en/of geïnstalleer is soos beoog in (a) of (b) hierbo, te beskerm. Erwe en/of eenhede in die dorp, mag nie vervreem of oorgedra word in die naam van 'n koper, ook mag 'n Sertifikaat van Geregistreerde Titel nie in naam van die dorpseienaar geregistreer word nie, alvorens die plaaslike bestuur aan die Registrateur van Aktes gesertifiseer het dat hierdie ingenieursdienste beskerm is of sal word, tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.

## 2. BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, indien enige.

**A. Uitgesonderd die volgende wat nie die dorp raak nie:**

*(a) The servitude of right of way registered in favour of the General Public in terms of Notarial Deed of Servitude No. 547/1944S as more fully set out in Condition A. of Deed of Transfer T16708/2013.*

*(b) The servitude of right of way registered vide diagram S.G. No. A2082/42 and the entitlement indicated on diagram S.G. No. A560/43 as more fully set in Condition B. of Deed of Transfer T16708/2013.*

## 3. TITELVOORWAARDES

**A. Titelvoorwaardes opgelê ten gunste van die plaaslike bestuur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986).**

(1) ALLE ERWE

(a) Elke erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, ten gunste van die plaaslike bestuur, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 2m daarvan, geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings, en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts sal die plaaslike bestuur geregtig wees tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleiding en ander werke veroorsaak word.

(2) ERWE 842 TOT 940

Die erf mag nie vervreem of oorgedra word sonder dat die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur eers vooraf verkry is nie en die plaaslike bestuur sal ‘n absolute diskresie hê om sodanige toestemming te weerhou, tensy die oordragnemer die volgende voorwaarde aanvaar: Die plaaslike bestuur het die elektrisiteitskapasiteit tot die erwe tot 5 KVA beperk en indien die geregistreerde eienaar van die erf die kapasiteit oorskry of indien ‘n aansoek om sodanige kapasiteit te oorskry, ingedien word by die plaaslike bestuur, sal addisionele elektrisiteitsbydraes soos bepaal deur die plaaslike bestuur, verskuldig en betaalbaar wees aan die plaaslike bestuur deur sodanige eienaar.

(3) ERF 941

Die erwe mag nie vervreem of oorgedra word sonder dat die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur eers vooraf verkry is nie en die plaaslike bestuur sal ‘n absolute diskresie hê om sodanige toestemming te weerhou, tensy die oordragnemers die volgende voorwaarde aanvaar: Die plaaslike bestuur het die elektrisiteitskapasiteit tot die erwe tot 380 KVA beperk en indien die geregistreerde eienaars van enige van die erwe die kapasiteit oorskry of indien ‘n aansoek om sodanige kapasiteit te oorskry, ingedien word by die plaaslike bestuur, sal addisionele elektrisiteitsbydraes soos bepaal deur die plaaslike bestuur, verskuldig en betaalbaar wees aan die plaaslike bestuur deur sodanige eienaars.

(4) ERF 866

Die erf is onderworpe aan ‘n 4m breë stormwaterserwituut ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangedui op die Algemene Plan.

**B. Titelvoorwaardes opgelê deur die Departement: Minerale Hulpbronne ingevolge die bepalings van Artikel 68(1) van die Wet op Minerale, 1991 (Wet 50 van 1991) soos gewysig.**

(1) ALLE ERWE

(a) Aangesien elke erf deel vorm van 'n gebied wat as 'n gevolg van die steengroef in die omgewing, onderhewig kan wees aan geraas, stof, skuddings en skokgolwe en dampe weens skietwerk, aanvaar die eienaar daarvan dat ongerief ervaar mag word.

(b) Aangesien elke erf in 'n gebied geleë is waar grondtoestande ernstige skade aan geboue en strukture kan veroorsaak, moet fondamente en ander strukturele elemente van geboue en strukture deur 'n bevoegde professionele ingenieur ontwerp word, tensy dit bewys kan word aan die plaaslike owerheid dat sodanige maatreëls onnodig is of dat dieselfde doel bereik kan word deur ander, meer doeltreffende maartreëls.

**C. Titelvoorwaardes opgelê deur die Departement van Paaie en Vervoer (Gauteng Provinsiale Regering) in terme van die Gauteng Vervoerinfrastruktuur Wet, 2001 (Wet 8 van 2001), soos gewysig.**

(1) ERWE 866 EN 867

(a) Die geregistreerde eienaar van elke erf, moet die fisiese versperring wat langs die erfgrens aangrensend aan Pad P69-1 (K130) opgerig is, tot tevredenheid van die Departement van Paaie en Vervoer (Gauteng Provinsiale Regering) instandhou.

(b) Behalwe vir die fisiese versperring waarna in klousule (a) hierbo verwys word, 'n swembad of enige noodsaaklike stormwaterdreineringsstruktuur, mag geen gebou, struktuur of ander ding wat aan die grond geheg is, selfs al vorm dit nie deel van die grond nie, opgerig word nie of sal niks gebou word op of gelê word binne of onder die oppervlakte van die erwe binne 'n afstand van minder as 16m vanaf die erfgrense aangrensend aan Pad P69-1 (K130). Geen verandering of aanbouing mag aan enige bestaande struktuur of gebou geleë binne die vermelde afstand, gedoen word nie, behalwe met die skriftelike toestemming van die Departement van Paaie en Vervoer (Gauteng Provinsiale Regering).

**Lance Matthew Julius**
**Waarnemende Adjunk Direkteur: Regsadministrasie**
**Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit**
Kennisgewing Nr 515/2013
21 Augustus 2013.

## LOCAL AUTHORITY NOTICE 1114

AMENDMENT SCHEME 01-9690

The City of Johannesburg Metropolitan Municipality herewith in terms of the provisions of section 125(1)(a) of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), declares that it has approved an amendment scheme being an amendment of the Johannesburg Town Planning Scheme, 1979, comprising the same land as included in the township of **Alveda Extension 4.** Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Development Planning: City of Johannesburg and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Amendment Scheme 01-9690.

**Lance Matthew Julius**
**Acting Deputy Director: Legal Administration**
**City of Johannesburg Metropolitan Municipality**
Notice No. 516/2013
21 August 2013.

## PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 1114

WYSIGINGSKEMA 01-9690

Die Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit verklaar hiermee ingevolge die bepalings van artikel 125(1)(a) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), dat dit 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Johannesburg Dorpsbeplanningskema, 1979 wat uit dieselfde grond as die dorp **Alveda Uitbreiding 4** bestaan, goedgekeur het. Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Ontwikkelingsbeplanning: Stad van Johannesburg en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Wysigingskema 01-9690.

**Lance Matthew Julius**
**Waarnemende Adjunk Direkteur: Regsadministrasie**
**Stad van Johannesburg Metropolitaanse Munisipaliteit**
Kennisgewing Nr 516/2013
21 August 2013.

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

Printed by the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001, for the **Gauteng Provincial Administration**, Johannesburg
Gedruk deur die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaat Sak X85, Pretoria, 0001, vir die **Gauteng Provinsiale Administrasie**, Johannesburg



This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**